# 4. Persoonlike staat van netto waarde

**4.1 Wat is "netto waarde" ?** Daar word baie gepraat van hoeveel 'n persoon werd kan wees. Die rykdom van 'n persoon kan bereken word as ons weet hoeveel\wat die persoon se besittings werd is, en ook hoeveel geld daar aan ander persone of sakeondernemings geskuld word.

Die geld wat aan persone of sakeondernemings word **skuld** genoem.

Die rekenkundige term vir **besittings** word ***bates*** genoem, en die term vir **skuld** word ***Laste*** genoem.

**Netto waarde = Bates (Besittings) - Laste (Skuld)**

## Voorbeeld 1 :

Mnr B Lotter woon in 'n huis ter waarde van R 320 000. Sy motor is R 50 000 werd. Sy meubels is R 32 500 werd en hy het R 3000 in sy lopende rekening. Sy klere en skoene is R 18 000 werd. Hy het 'n lening (huisverband) op die huis van R 225 000 en rekeninge by Edgars en Woolworths. Hy skuld Edgars R 3 750 en Woolworths R 2 600.

**Stap 1** → Bereken sy totale ***bates* | *besittings*** :
Huis (R 320 000) + motor (R 50 000) + meubels (R 32 500) + geld in die bank (R 3 000) + klere en skoene (R 18 000) = R 423 500
**Bastes is dus R 423 500**

**Stap 2** → Bereken sy totale ***laste* | *skuld*** :
Huislening (R 225 000) + Edgars rekening (R 3 750) +
Woolworths rekening (R 2 600) = R 231 350
**Laste is dus R 231 350**

**Stap 3** → Trek sy totale laste \ skuld (stap 2) af van sy totale bates \ besittings (stap 1) af.

| | | | |
|---|---|---|---|
| | **Totale bates \ besittings** | **R 423 500** | |
| **Minus** | **Totale Laste \ Skuld** | | **R 231 350** |
| **=** | **Netto waarde** | **R 192 150** | |

Sy totale netto waarde is dus R 192 150

***Lopende bankrekening*** → 'n Bankrekening wat hoofsaaklik gebruik word vir gereelde deposito's en ontrekkings.

***Huisverband*** → 'n Bank leen geld aan 'n persoon \ sakeonderneming om eiendom te koop – dit word ook 'n huislening genoem.

## 4.2 Opstel van 'n staat van netto waarde

'n Staat van netto waarde dui aan wat jy op 'n spesifieke datum besit (besittings\bates), wat jy skuld (skuld\laste) en wat jy werd is. Kom ons kyk na Mnr B Lotter se staat van netto waarde. Ons gebruik die voorbeeld van bl. 27.

**Voorbeeld 2 :**
Mnr B Lotter : Staat van netto waarde op 1 Januarie 2018

| | |
|---|---|
| **Bates** | **423 500** |
| **Huis** | 320 000 |
| **Motor** | 50 000 |
| **Meubels** | 32 500 |
| **Geld** | 3 000 |
| **Klere en skoene** | 18 000 |
| ***Totale Bates*** | **423 500** |
| **Netto waarde** | **192 150** |
| **Laste +** | **231 350** |
| **Huislening** | 225 000 |
| **Edgars – rekening** | 3 750 |
| **Woolworths – rekening** | 2 600 |
| ***Totale netto waarde en laste =*** | **423 500** |

## <u>Aktiwiteit</u> : Bereken persoonlike netto waarde ______________

Bereken in die volgende voorbeeld die persoon se netto waarde deur die gegewe inligting te gebruik.

Sam Singh besit 'n fiets ter waarde van R 800 ; hy het klere en skoene ter waarde van R 12 900 ; hy besit 'n Nintendo DS wat R 1900 gekos het ; hy het R 500 in 'n spaarrrekening en R 100 in sy beursie. Hy het 'n paar weke gelede R 250 by sy suster geleen en hy het haar nog nie terugbetaal nie.

---

| | |
|---|---|
| **Bates** | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| ***Totale Bates*** | |
| **Netto waarde** | |
| **Laste +** | |
| | |
| | |
| ***Totale netto waarde en laste =*** | |

## 5. Soorte inkomstes wat sakeondernemings ontvang

**5.1 Bedryfsinkomste :** Sakeondernemings se hoofvorm van inkomste is die geld wat hulle verdien – bedryfsinkomste.

Gedurende die 1 ste kwartaal het jy geleer van die drie soorte sakeondernemings – handels - ; vervaardigings – en diensondernemings. Hulle verdien hul geld op die volgende maniere :

| Handelonderneming | Vervaardigingsonderneming | Diensonderneming |
|---|---|---|
| Hierdie onderneming verdien hulle geld deur goedere aan klante te verkoop. Die onderneming koop goedere teen 'n prys en verkoop dit dan vir meer – wins.<br>Voorbeelde : supermarkte; klerewinkels ens. | Hierdie onderneming verdien hulle geld deur goedere aan handelondernemings te verkoop. Hierdie goedere wat verkoop word is gewoonlik of half – afgewerk of reeds geskepte produkte.<br>Voorbeeld : bakkerye, klere – en motorvervaardigers ens. | Hierdie tipe onderneming verdien geld deur dienste aan kliënte te lewer. Die onderneming of persoon betaal die diensonderneming 'n fooi vir dienste gelewer.<br>Voorbeelde : Dokters, loodgieters, rekenmeesters, haarkappers en elektrisiëns ens. |

**5.2 Rente – inkomste :** Die onderneming ontvang rente op 'n gunstige banksaldo (geld in die bank). Die onderneming kan ook rente – inkomste ontvang indien persone of ondernemings op krediet koop, en die onderneming rente hef op uitstaande geld.

**5.3 Ander inkomste :** Alle ander inkomstes verdien buiten bedryfsinkomstes en rente – inkomste.

5.3.1 **huurgeld** ontvang vir die verhuring van eiendom – huurinkomste
5.3.2 **afslag** ontvang vir stiptelike betaling van rekeninge
5.3.3 **kommissie – inkomste** – die onderneming verkoop produkte namens 'n maatskappy en ontvang 'n persentasie kommissie op die verkope
5.3.4 **skenkings** ontvang

## 6. Soorte uitgawes wat sakeondernemings het

**6.1 Kapitaaluitgawes :** Wanneer aankope soos voertuie en toerusting gekoop word, word dit kapitale uitgawes genoem. Hierdie bates wat aangekoop word sal gebruik word om die onderneming te bedryf en sal vir langer as 'n jaar duur.

**6.2 Kapitaaluitgawes :** Bedryfsuitgawes is daardie onkostes wat aangegaan word vir die bestuur van die dag – tot – dag aktiwiteite van die onderneming.
Dit sluit water en elektrisiteit en salarisse in.

**6.3 Finansieringsuitgawes :** Ondernemings moet geld by banke leen en hierdie geld en rente terugbetaal, goedere op krediet by ander sakeondernemings koop en ook hierop rente betaal. Waar daar goedere op krediet gekoop word, word daar rente betaal en word hierdie transaksies finansieringsuitgawes genoem. Die bogenoemde sluit in rente op 'n huislening, rente op 'n lening, rente op oortrokke bankrekenings (geld geleen by bank op jou bankrekening – normaalweg tjek) en rente op agterstallige rekeninge.

**6.4 Verkwiste uitgawes :** Soos voorheen bespreek MOET sakeondernemings hul uitgawes kontroleer en beheer, sodat daar nie onnodige geld verlore raak nie – wins sal daal.

**Hoe gaan ons poog om verkwiste uitgawes te beperk ?**

- **Elektrisiteit** → Skakel ligte af wanneer die kantoor verlaat word, skakel rekenaars en ander elektriese gereedskap af wanneer dit nie gebruik word nie.
- **Verkwisting van papier en drukwerk** → Vermy onnodige drukwerk. Gebruik e – posse in plaas van normale pos of fakse. Hergebruik en herwin papier.
- **Rente op agterstallige rekeninge** → Betaal die rekenings betyds.
- **Telefoon – en internetgebruik** → Maak seker dat die werkers nie hierdie goed vir persoonlike doeleindes gebruik nie. Kry 'n stelsel om te kontroleer wie die telefoon en internet misbruik.
- **Salarisse en lone** → Maak seker dat die werkers produktief is en die werk doen waarvoor hulle betaal word.

## 7. Spaargeld

Om te spaar beteken jy bêre geld vir toekomstige gebruik. Daar moet geld gespaar word, jy gaan dit nodig kry wanneer daar 'n noodsituasie ontstaan. Deur te spaar vir 'n duur item kan jy rente verdien en uiteindelik die item kontant koop – spaar op rente. Deur 'n spaarrekening by 'n bank te open dwing jy jouself\onderneming om op gereelde basis te spaar en word daar ook rente verdien.

## 8. Beleggings

Beleggings word gedoen met die oog op spaar vir die langtermyn – hierdie geld gaan nie vining gebruik word nie. Dit is ook normaalweg nie beskikbaar op kort kennisgewing nie – jy wil hê die geld moet vir jou werk oor 'n lang tydperk. Die rente wat op hierdie tipe van spaar verdien word is gewoonlik meer, maar kan ook riskant wees. Hierdie belegging van geld word 'n beleggingsplan genoem. Individue moet ook 'n beleggingsplan hê vir latere aftrede.

Verskillende beleggingsprodukte :

- **Termyndeposito's** en **effkte** wat deur banke en ander finansiële instellings aangebied word
- **Eiendom**
- Aankoop van **aandele** in ander maatskappye

## Aktiwiteit : Uitgawes & Inkomste ; Netto waarde ______________

1. Bereken Kenosi Lenyalo se netto waarde deur die inligting hieronder te gebruik. Stel 'n staat van netto waarde op – gebruik die korrekte formaat soos op bladsy 28.

   Kenosi Lenyalo het klere ter waarde van R 5 400, skoene ter waarde van R 4000 en juweliersware ter waarde van R 10 000; 'n Ipad wat iemand vir haar gegee het ter waarde van R 2 000; haar rekenaar is R 7 500 werd en sy het R 1 800 in haar bankrekening. Sy het ook R 230 in haar beursie. Sy skuld R 3 000 op sporttoerusting; skuld haar broer R 500 vir geld wat sy geleen het; sy het ook R 1000 by haar ouers geleen; sy het ook 'n rekening van R 2 500 by Edgars.

   **Doen op die staat hieronder.**

| Bates | |
|---|---|
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| ***Totale Bates*** | |
| **Netto waarde** | |
| **Laste +** | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| ***Totale netto waarde en laste =*** | |

**2. Pas die term in Kolom A by die korrekte beskrywing in Kolom B.
Skryf die korrekte syfer (kolom A) in Kolom C.**

| **KOLOM A** | | **KOLOM B** | | **KOLOM C** |
|---|---|---|---|---|
| **1** | **Finansieringsuitgawe** | **a** | Huurinkomste | |
| **2** | **Bedryfsinkomste : Diensonderneming** | **b** | Om twee mense aan te stel om die werk van een mens te doen | |
| **3** | **Om te spaar** | **c** | Kort termyn | |
| **4** | **Kapitaaluitgawe** | **d** | Reklame | |
| **5** | **Rente – inkomste** | **e** | Lang termyn | |
| **6** | **Bedryfsinkomste : Handelsonderneming** | **f** | Verkope | |
| **7** | **Verkwiste uitgawe** | **g** | Rente op oortrokke rekening | |
| **8** | **Belegging** | **h** | Voertuie | |
| **9** | **Bedryfsuitgawe** | **i** | ‘n Tandarts wat pasiënte ‘n fooi vra | |
| **10** | **Ander inkomste** | **j** | Rente op ‘n spaarrekening | |